higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N700**(A)**(M24)H

NASIONALE SERTIFIKAAT

INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4

(5140174)

24 Mei 2019 (X-Vraestel)
09:00–11:00

OOPBOEKEKSAMEN

Twee woordeboeke (tweetalig en/of verduidelikend) en twee addisionele naslaanbronne mag gebruik word.

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 3 bylaes.

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
INLEIDENDE KOMMUNIKASIE N4
TYD: 2 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord AL die vrae.
2. Lees AL die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke AFDELING op 'n NUWE bladsy.
5. Laat 'n reël oop tussen elke vraag.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A: EFFEKTIEWE STUDIE

VRAAG 1

Abraham Maslow se teorie van motivering verduidelik dat mense deur hul behoeftes gedryf word. Volgens sy behoefte-hierargie het mense vyf tipes behoeftes.

Noem TWEE van hierdie behoeftes en verduidelik kortliks wat daardie behoeftes beteken. (2 × 2) **[4]**

VRAAG 2

2.1 Verduidelik in jou eie woorde wat 'n kortermyndoelwit is en gee 'n voorbeeld daarvan. (3)

2.2 As jy vir jouself doelwitte vir die toekoms gestel het, moet jy dit aan die hand van sekere maatstawwe evalueer.

Noem DRIE maatstawwe wat jy kan gebruik. (3)
[6]

TOTAAL AFDELING A: 10

Kopiereg voorbehou

AFDELING B: LUISTERVAARDIGHEDE

VRAAG 3

Bestudeer die volgende spotprent en beantwoord die vrae:



Bron:http//www.google.co.za/search?q=fred+mouton+se+spotprente&tbm.

3.1 Wie is die sender van die boodskap? (1)

3.2 Wie is die ontvanger van die boodskap? (1)

3.3 Watter kommunikasie kategorie word hier tussen die twee aangewend om die boodskap oor te dra? (2)

3.4 Indien daar 'n televisie in die vertrek was wat op die hoogste volume gestel was en die pa nie die seun kon hoor nie, sou ons na watter tipe kommunikasie hindernis verwys het. (1)

3.5 Die opskrif van die koerant lees: 'Waarde van rand daal skerp.' Koerante is deel van kommunikasie.

Watter kategorie van kommunikasie is die koerant? (1)

3.6 Daar is ook 'n hond in die spotprent.

Indien die hond aan die gesprek sou deelneem, watter tipe kommunikasie kategorie sou dit wees? (1)

3.7 Gee vir die pa DRIE riglyne om sy luistervaardighede te verbeter. (3)
[10]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: BONDIGE KOMMUNIKASIE

VRAAG 4

Jy, Nicky Beukes help jou afdelingshoof beplan aan jul kampus se komende sertifikaatplegtigheid. Terwyl hy uit sy kantoor is, lui sy telefoon en dit is mev Patricia Ndoba, die bestuurder van RST Bank. Sy vra om met jou afdelingshoof te praat, maar hy was ongelukkig nie beskikbaar nie. Jy bied aan om 'n boodskap vir hom, mnr Leon Clarke te gee. Hier volg die gesprek tussen julle twee.

Mev Ndoba: Kan ek asseblief met Leon Clarke praat?

Nicky: Mnr Clarke is ongelukkig nie in sy kantoor nie. Is daar dalk 'n boodskap vir hom?

Mev Ndoba: RST Bank beoog om die sertifikaatplegtigheid te borg. Die bank wil graag 'n bedrag geld skenk waarmee die kampus eetgoed vir die studente en ouers kan aankoop. Hulle wil ook 3 rekenaartablette skenk vir die drie top presteerders in Inleidende Kommunikasie N4. Ons versoek egter dat die hoofbestuurder van RST Bank hierdie pryse tydens die geleentheid kan oorhandig. Indien die voorstel aanvaar word, sou die hoofbestuurder 'n vyftien minute spreekbeurt op die program wil kry. Indien die voorstel aanvaar word e-pos asseblief die sertifikaatplegtigheid se program na *ndoba.rstbank@gmail.com*.

Nicky: Dit is wonderlike nuus. Ek sal die boodskap vir hom gee. Kan u net asseblief weer u kontaknommer vir my gee sodat mnr Clarke jou gedurende kantoorure kan terugskakel?

Mev Ndoba: My selfoonnommer is 062 012 6789. Baie dankie. Tot siens.'

Nicky: Tot siens, mevrou.

Gebruik die telefoon-boodskapvorm wat as BYLAE B by hierdie vraestel aangeheg is en skryf die volledige telefoonboodskap vir mnr Clarke neer. Handig die bylae saam met die ANTWOORDBOEK in.

[15]

VRAAG 5

Alle finalejaarstudente by jou kampus moet 'n vorm invul om aan te dui of hul die komende sertifikaatplegtigheid gaan bywoon. Slegs drie gaste per student word toegelaat.

Die studentekantoor versprei die terugvoervorm wat as BYLAE C aangeheg is.

Voltooi BYLAE C en handig dit saam met ANTWOORDBOEK in. **[5]**

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D: LEES-EN BEGRIPSVAARDIGHEDE

VRAAG 6

Lees die ARTIKEL 'Ons werk vir vinniger, verder en hoër' BYLAE A (aangeheg) en beantwoord die vrae.

6.1 Wie is die dame waaroor die artikel gaan en hoe oud is sy? (2)

6.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' neer en motiveer jou antwoord deur 'n sinsdeel uit die teks aan te haal.

Ans Botha het al agterkleinkinders. (3)

6.3 Watter bekende Olimpiese held word deur Ans Botha afgerig? (1)

6.4 Noem TWEE tipes media wat almal oor tannie Ans wil berig. (2)

6.5 Noem een van die 'media glipsies' wat al verkeerdelik in koerante geplaas is. (1)

6.6 Waarom het die Brasiliaanse veiligheidsbeamptes, wat nie Engels magtig was nie, geweier om haar na Wayde deur te laat nadat hy die goue medalje gewen het? (1)

6.7 Ans kon eers twee uur nadat hy gewen het, by Wayde uitkom.

Wat het die twee toe gedoen toe hulle uiteindelik bymekaar uitkom? (1)

6.8 In watter stad en land het hierdie Olimpiese Spele plaasgevind? (2)

6.9 Wayde het met 'n besering sy wêreldrekord gebreek.

Wat was fout met hom? (2)

6.10 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' neer en motiveer jou antwoord deur 'n aanhaling uit die teks.

'Wayde het die afgelope vier jaar gelukkig nooit pyn verduur nie'. (3)

6.11 In watter land is Ans gebore? (1)

6.12 Aan watter twee atletiekitems het Ans as jong vrou deelgeneem? (2)

6.13 In wie stel sy haar geloof en vertroue? (1)

[22]

VRAAG 7

Daar is talle situasies waar ons leesvaardighede gebruik. Kies die regte tipe leesvaardigheid uit KOLOM B om by die behoefte in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–C) langs die vraagnommer (7.1–7.3) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
7.1	Jy sit en wag in die dokter se spreekkamer en lees *Vrouekeur* om die tyd om te kry	A	vluglees
7.2	Jy kyk vinnig in die woordeboek hoe spel 'n mens 'interessant'	B	lees vir plesier
7.3	Jy lees jou antwoordboek deur voor jy jou vraestel inhandig om seker te maak daar is geen spelfoute in die dokument nie	C	soeklees

(3 × 1) **[3]**

TOTAAL AFDELING D: 25

AFDELING E: REMEDIËRENDE AFRIKAANS

Lees die artikel 'Ons werk vir vinniger, verder en hoër' BYLAE A (aangeheg) en beantwoord die vrae.

VRAAG 8: SINONIEME

Gee 'n woord met DIESELFDE betekenis vir die volgende woorde wat in die artikel voorkom.

8.1 Woes (paragraaf 2)

8.2 Skielik (paragraaf 5)

8.3 persoonlike (paragraaf 7)

(3 × 1) **[3]**

VRAAG 9: ANTONIEME

Gee 'n TEENOORGESTELDE woord vir die volgende woorde wat in die artikel gebruik is.

9.1 dag (paragraaf 1)

9.2 eerste (paragraaf 2)

9.3 almal (paragraaf 3)

9.4 bogemiddeld (paragraaf 6)

(4 × 1) **[4]**

Kopiereg voorbehou

VRAAG 10: WOORDSOORTE

Kies die woordsoort uit KOLOM B wat by 'n woord in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–F) langs die vraagnommer (10.1–10.6) in jou ANTWOORDBOEK neer

KOLOM A		KOLOM B	
10.1	Buitelandse	A	voorsetsel
10.2	Oor	B	voornaamwoord
10.3	Sien	C	lidwoord
10.4	Hulle	D	selfstandige naamwoord
10.5	Afrigter	E	werkwoord
10.6	'n	F	byvoeglike naamwoord

(6 × 1) **[6]**

VRAAG 11: SAMESTELLING

Atletiekseisoen is 'n samestelling van die woorde 'atletiek' en 'seisoen'.

Gee die samestelling van 'regering' en 'besluit'. **[1]**

VRAAG 12: SEMANTIEK

Verduidelik in jou eie woorde wat die woord *internasionaal* beteken. **[1]**

VRAAG 13: LEESTEKENS

Verduidelik die funksie van die volgende leestekens wat in die artikel aangetref word:

13.1 Wat is die funksie van die koppelteken in die woord 'media-onderhoud'?

13.2 Wat is die funksie van die aanhalingstekens (') in die volgende aanhaling:

'… almal wil meer weet oor 'tannie Ans', al vergesel …' (Paragraaf 3)

13.3 Wat is die doel van die hakkies () in die volgende aanhaling:

'Drie kinders (waarvan een oorlede is), vyf kleinkinders en ... '

(3 × 2) **[6]**

VRAAG 14: MEERVOUDE

Gee die meervoud van die volgende woorde:

14.1 media (paragraaf 2)

14.2 toestand (paragraaf 5)

(2 × 1) **[2]**

VRAAG 15: VERKLEINWOORDE

15.1 afrigter (paragraaf 2)

15.2 werk (paragraaf 6)

(2 × 1) **[2]**

VRAAG 16

Beantwoord die volgende vrae. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (16.1–16.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

16.1 Skryf die getal '43' as 'n woord uit.

16.2 Gee die vroulike vorm van die woord 'held'

16.3 TV is 'n afkorting. Skryf die afkorting volledig uit.

16.4 In paragraaf 6 staan: 'Ans sê iets op 'haar nugter manier'. Gebruik die woord *nugter* in 'n sin om 'n ander betekenis van die woord uit te beeld.

16.5 Veduidelik in jou eie woorde wat die woord *verwondering* beteken

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 17

17.1 In die volgende sin kom daar DRIE spelfoute voor. Soek die spelfoute en korrigeer dit. Skryf slegs antwoord langs die vraagnommer (17.1–17.3) in die ANTWOORDBOEK neer.

Die Ministir van Sport en Ontspanning het gister tydens 'n nies konferensie vir Wayde van Niekerk gelukgewens. Hy het gesê die jele Suid-Afrika is trots op hom. (3 × 1) (3)

17.2 Verduidelik in jou eie woorde wat die idioom *die lepel in die dak steek* beteken. (2)

[5]

TOTAAL AFDELING E: 35
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou

BYLAE A

ONS WERK VIR VINNIGER, VERDER EN HOËR

OP 74-JARIGE OUDERDOM HET 'N BLOEMFONTEINSE OUMAGROOTJIE BYKANS OORNAG 'N MEDIASENSASIE GEWORD.

Deur Jackie Pienaar-Brink

Dis halfvier op 'n Donderdagmiddag en Ans Botha is reeds besig met haar derde media-onderhoud van die dag.

'Dit gaan woes' sê die Bloemfonteinse afrigter van vanjaar se Olimpiese held, Wayde van Niekerk. Sedert Wayde se 400 m wêreldrekordtyd van 13.03 in Rio de Janeiro, Brasilië is dit asof die internasionale media vir die eerste keer wakker geskrik en besef het dat die gryskopvrou die steratleet se afrigter is.

Die koerante, tydskrifte, radio, TV-almal wil meer weet oor tannie Ans, al vergesel sy Wayde al sedert 2012 gereeld oorsee. Trouens, in die Europese atletiekeisoen is Gamona in Italië maande lank hul basis.

Die eerste buitelandse mediabelangstelling in haar as Wayde se afrigter het opgeflikker nadat hy verlede jaar op die Internasionale Atletiekfederasie se wêreld-kampioenskap in Beijing 'n goue medalje in die 400 m verower het.

Toe kom Rio 2016. En almal is skielik in 'n toestand oor die ouderdom van Wayde se afrigter en omdat sy 'n vrou is, sê Ans, hier duskant haar 75ste verjaardag. Skielik is sy die mediaiefling en sy sien die verwondering in die onderhoudsvoerders se oë.

'My magtig, dis die werk wat ek my hele lewe deur elke dag doen. Dis nie vir my snaaks nie. Dis my manier van leef en nie iets wat uitermatig bogemiddeld is nie', sê sy. 'Ek rig twee keer per dag op die baan af, maar hierdie mediamense maak mens klaar. Dis baie oorweldigend. 'n Mens voel jou persoonlike sones word binnegedring.

Tussen al die opgewondenheid deur het die mediaglipsies nie agterweë gebly nie. In verskeie buitelandse koerante word sy soms Wayde se eie Ouma wat hom afrig. En sy is inderdaad 'n oumagrootjie. Drie kinders (waarvan een oorlede is) vyf kleinkinders en vyf agterkleinkinders, met die jongste tydens die onderhoud maar 'n maand oud.

Daar was ook drama agter die skerms. Ans kon nie wag om by Wayde uit te kom nadat hy die Olimpiese goud gewen het nie. Die Brasiliaanse veiligheidsbeamptes, wat beswaarlik Engels magtig is, wou nie glo dat die gryskop vrou Wayde se afrigter is nie en hulle het ondanks haar akkreditasie, geweier om haar op die baan by hom toe te laat.

Eers twee uur later kon hulle by mekaar uitkom. Ons het niks vir mekaar gesê nie. Ons het mekaar net gedruk,'sê sy sag.

Kopiereg voorbehou Blaai om asseblief

Wat mense nooit geweet het nie is dat Wayde sy wêreldrekord met 'n besering gehardloop het. Hy het 'n probleem met 'n senuwee wat in sy rug vasgedruk word. Dit gee hom geweldige pyne in sy boud en dyspier. Die afgelope vier jaar het Wayde nie 'n wedloop sonder pyn gehardloop nie. Hulle moes maar net onder hierdie omstandighede die beste daarvan maak. 'Ons geloof en vertroue is op die Een wat vir hom hierdie ongelooflike talent en voorregte gegee het. Hy het ons deur hierdie vier jaar gedra en beskerm', sê sy.

Ans, 'n gebore Namibiër wat self aan naellope en verspring deelgeneem het, is al bykans 50 jaar 'n afrigter.

Verwerk uit: Vrouekeur 9 Desember 2016

Kopiereg voorbehou

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

BYLAE B

VRAAG 4: TELEFOONBOODSKAP

TELEFOONBOODSKAP

Aan: _____ Van: _____

Firma: _____ Tel: _____

Datum: _____ Tyd: _____

Boodskap:_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____
_____

Geneem deur: _____

[15]

Kopiereg voorbehou

EKSAMMENOMMER: | | | | | | | | | | | | | |

BYLAE C

VRAAG 5

TERUGVOERVORM/RSVP VIR SERTIFIKAATPLEGTIGHEID													
Voltooi hierdie vorm volledig:													
Sertifikaat plegtigheid bywoning? **Dui die inligting in die toepaslike blokkie aan met 'n (X) en ook die aantal gaste.**	JA		AANTAL GASTE		NEE								
Van													
Volle voorname													
ID nommer													

[5]

TOTAAL AFDELING C: 20

Kopiereg voorbehou